# Handves Vir Die Reg Op Ekonomiese Vryheid, Selfstandigheid En Volhoubaarheid In Landbou

25 November 2024

Prof Andries Raath

Bennie van Zyl

Herman de Wet

*Aangesien* ekonomiese selfstandigheid en volhoubaarheid in landbou die sleutels is vir die voortgaande, volgehoue produksie van voedsel en vesel, dat dit die grondslag vir ekonomiese stabiliteit, vooruitgang en politieke orde bied en die katalisators vir maatskaplike ontwikkeling is;

*Aangesien* verstaatliking van die ekonomie die bydrae van landbou tot die Bruto Binnelandse Produk knel en beperk;

*Aangesien* oorskryding van die staat se kernfunksies om orde te handhaaf en regverdigheid teenoor alle landsburgers te laat geskied, knellend op vrye besluitneming en produktiwiteit in landbou inwerk;

*Aangesien* verpolitisering van landbou die strategiese waarde wat voedselsekuriteit in 'n vrye markomgewing vir die land teweeg bring misken;

*Aangesien* knelling van primêre kommersiële landbou 'n rimpeleffek het wat die hele ekonomiese omgewing negatief beïnvloed;

*Aangesien* uitbreiding van staatsbeheer in die landbou, vrye markkragte en markinisiatiewe negatief beïnvloed, die rol van landbou om landelike gebiede te stabiliseer verhoed, instandhouding van plattelandse besighede wat op landbou aangewese is ondermyn, werksgeleenthede wat deur vrye markkragte geskep word ontmoedig en insetverskaffers se bydrae tot 'n gesonde ekonomiese klimaat beperk;

*Aangesien* vestiging en uitbreiding van 'n staatsbeheerde ekonomie ontwikkeling verhoed, persoonlike verantwoordelikheid en inisiatief ontmoedig;

TLU SA Kopiereg voorbehou EV202402

*Aangesien* oormatige statutêre regulering van die landbouterrein vrye ondernemerskap verhoed;

*Aangesien* knellende ekonomiese maatreëls op die landbousektor winsgewendheid en groter investering deur die privaatsektor in die ekonomie aan bande lê;

*Aangesien* ekonomiese volhoubaarheid in landbou onder druk geplaas word deur wetgewende maatreëls wat knellend eerder as ondersteunend op landbou inwerk, beperk dit ekonomiese entrepreneurskap en ontwikkeling van infrastruktuur vir volhoubare produksie;

*Aangesien* die huidige sosialistiese beleid van minimumlone vrye en selfstandige besluitneming van werkers en werkgewers ontmoedig en toenemende werkloosheid bevorder;

*Aangesien* onverskillige eksploitering en hantering van natuurlike hulpbronne deur staats- en semi-staatlike instellings landbou-omgewingsbestuur bemoeilik;

*Aangesien* toenemende onvermoë en onwilligheid by staatsinstellings om die ondersteunende infrastruktuur, soos paaie, elektrisiteitsvoorsiening en watervoordiening te beskerm, in stand te hou en te ontwikkel;

*Aangesien* voedselsekuriteit deur sosialistiese staatspolitiekery in gedrang gebring word, vind landbouproduksie dit toenemend moeilik om in binnelandse behoeftes te voorsien en waardevolle buitelandse valuta te verdien;

TLU SA Kopiereg voorbehou EV202402

*Aangesien* die staatowerheid sy primêre verantwoordelikheid ter versekering van voedselsekuriteit deur ondersteuning en beskerming van landbou versuim;

*Daarom,* dus, verklaar die ondergetekendes in ŉ landbou-ekonomiese omgewing wat toenemend druk op produsente plaas, armoede aanwakker, die Suid-Afrikaanse ekonomie deur sosialistiese politieke en ekonomiese programme onherstelbare skade berokken, waar politici en hul ideologiese ondersteuners hulself ten koste van die bevolking verryk:

In hierdie Handves Vir Die Reg op Ekonomiese Vryheid, Selfstandigheid En Volhoubaarheid In Landbou, as ŉ gemeenskaplike standaard ter bevordering van ekonomiese selfstandigheid van produsente in die landbou en die volhoubaarheid van landbou as ŉ steutelbelangrike sfeer van die ekonomie, met die oog daarop dat elke individu, sosiale entiteit en samelewingsinstelling, by onderskrywing van hierdie handves sal streef om deur onderrig en opvoeding, uitoefening van die reg op spraakvryheid en vryheid van publikasie en vryheid van vergadering, respek vir die reg op ekonomiese selfstandigheid van produsente en die uitlewing van die vryhede wat daaruit voortspruit te bevorder, word 'n beroep op meewerkende organisasies gedoen om deur progressiewe maatreëls, nasionale en internasionale bewustheid vir die reg op ekonomiese selfstandigheid te kweek en om universele en effektiewe erkenning en respek vir dié regte te propageer.

Skriftuurlike begronding en internasionaalregtelike bepalings ter beskerming van die reg op ekonomiese vryheid, selfstandigheid en volhoubaarheid in landbou.

**Artikel 1** [Die reg op ekonomiese selfstandigheid en volhoubaarheid is 'n Bybelse beginsel].

Die mens is rentmeester van God se skepping en staan onder die Skriftuurlike eise om met eie verantwoordelikheid en met volhoubare produksie God se skepping te bestuur, te bewoon, te bewerk en te bewaar.

**Artikel 2** [Menslike rentmeesterskap en God se soewereiniteit].

Menslike rentmeesterskap is 'n afskaduwing van van God Drie-enig se soewereiniteit; dit is die grondslag van die mens se roeping om in verantwoordelikheid oor eiendomsreg van God se skepping te beskik, dit met verantwoordelikheid en produktiwiteit te benut en in vryheid tot eer van God en voordeel vir die samelewing en die naaste te bestuur.

**Artikel 3** [Benutting van God se gawes en eiendom aan die mens is die grondslag van verantwoordelike eienaarskap].

Die aarde behoort aan God en die volheid daarvan, die mens is geskape na die beeld van God en ontvang die opdrag om die aarde te bewoon en te bewerk en uit hoofde daarvan om oor eiendom te beskik onderhewig aan God se soewereiniteit oor die hele skepping.

**Artikel 4** [Onbetroubare en onvolhoubare benutting van God se skepping deur luiheid en oneerlikheid, tas die beginsel van verantwoordelike eienaarskap aan].

TLU SA Kopiereg voorbehou EV202402

Ontduiking van die regmatige plig tot eerlike en toegewyde produktiwiteit is ŉ aantasting van die mens se plig om God se skepping volhoubaar en verantwoordelik te benut en te ontwikkel.

Artikel 5 [Die plig tot verantwoordelike rentmeesterskap en voorsiening vir die toekoms].

God se opdrag tot produktiewe beheersing van die aarde, vereis rentmeesterskap wat God se skepping met respek behandel, die skepping te beheers dat dit bloei en deur produktiwiteit ontwikkel; belê die verdienste wat produktiwiteit oplewer op verantwoordelike wyse met die oog op eerlike wins en verhoog die waarde van die eiendom (roerend en onroerend) wat aan die entrepreneur toevertrou is.

Artikel 6 [Die landbouer se ingesteldheid tot God Drie-enig se seëninge en gawes].

Landbouers is geroepe tot verantwoordelike rentmeesterskap, met erkenning van die soewereiniteit van God oor sy skepping, gehoorsaamheid aan God se opdragte ter beheersing van die hulpbronne wat beskikbaar is; die produktiewe uitoefening van die landbouer se roeping en taak; aanvaarding van die verpligting tot billike en regverdige belastingbydraes, en ŉ oop hand vir die nood van andere wat nie in dieselfde voorregte deel nie omdat alles wat die hand van die landbouer doen ter verwesenliking van sy eie selfstandige en volhoubare produksie in die lig van sy verantwoordelikheid voor God Drie-enig en liefde jeens die naaste geskied.

Artikel 7 [Die vrye markekonomie en produktiewe rentmeesterskap].

Die vrye markekonomie bied ŉ stelsel van ordelike en produktiewe rentmeesterskap wat die beste beantwoord aan die Bybelse norme vir produksie en volhoubaarheid tot instandhouding van die mensdom en tot eer van God.

Artikel 8 [Bybelse norme vir 'n vrye ekonomie].

Die Bybelse norme vir ŉ vrye markekonomie vereis ŉ ekonomiese stelsel wat op 'n diepere waardesisteem gebaseer is en lê die grondslag vir wedersydse vertroue tussen produsente en verbruikers, werknemers en werkgewers en produsente, verbruikers, eienaars en werknemers onderling; vertroue in die stabiliteit van die regstaatlike raamwerk van die ekonomiese en finansiële prosesse en instellings; kontraktuele lojaliteit en die waardes van eerlikheid, eerbaarheid in ekonomiese transaksies, billikheid, en wat professionele eer en trots vir ekonomiese sukses en volhoubaarheid vereis. ŉ Regstaatlike struktuur en sisteme wat diepere etiese waardes verwaarloos, teëwerk en ŉ ekonomiese kultuur van bedrog, omkopery, misbruik van staatsgesag vir egoïstiese doeleindes kultiveer en nie oor minstens ŉ voorlopige begrip van die werking en betekenis van ekonomiese prosesse beskik nie, verval in ekonomiese stagnasie en uiteindelike disintegrasie met gevolglike statisme en ŉ magskultuur.

Die erkenning van persoonlike verantwoordelikheid, finansiële selfstandigheid en ekonomiese produktiwiteit het neerslag gevind in plaaslike wetgewing en internasionale konvensies en ander instrumente

TLU SA

Artikel 22 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, wet 108 van 1996, verreken die fundamentele reg van elke landsburger om sy/haar bedryf, okkupasie of beroep in vryheid te kies.

Internasionaalregtelike bepalings wat op ekonomiese vryheid, selfstandigheid en volhoubaarheid betrekking het, is in talle internasionale instrumente beliggaam:

* Die Universele Deklarasie van Menseregte (1948) wat deur die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies aanvaar is, bepaal in artikel 1 dat alle mense vry en gelyk is in waardigheid en regte; artikel 17 bepaal dat elkeen ŉ reg op eiendom het: " ...alone as well as in association with others and that no one shall be arbitrarily deprived of property"; en artikel 22 bepaal dat elke mens as lid van ŉ gemeenskap beskik oor ŉ reg op sosiale sekuriteit en geregtig is op die verwesenliking van die ekonomiese, sosiale en kultuurregte wat onontbeerlik is vir sy/haar waardigheid en die vrye ontwikkeling van sy/haar persoonlikheid.

* Artikel 1 van die Internasionale Konvensie vir die Beskerming van Menseregte en Fundamentele Vryhede (1950) bestry rasgebaseerde diskriminasie as synde enige onderskeid, uitsluiting, bepaling of voorkeur gebaseer op ras, kleur, herkoms of nasionale of etniese herkoms wat ten doel het of die effek het om inbreuk te maak op die erkenning, genot of uitoefening op ŉ gelyke basis van menseregte en fundamentele vryhede in die politieke, ekonomiese, sosiale, kulturele of enige ander terrein van die privaat lewe. Ingevolge artikel 5 onderneem staatspartye om alle vorme van rassediskriminasie te verbied en uit te roei en om die regte van elkeen

TLU SA Kopiereg voorbehou EV202402

te erken en om sonder onderskeid van ras, kleur of nasionale of etniese oorsprong te beskerm; die reg op gelykheid voor die reg in die uitoefening van die reg om eiendom te besit in sowel individuele hoedanigheid as in assosiasie met ander te beskerm sowel as die ekonomiese, sosiale en kulturele regte van alle mense te bevorder (5(d)(v) en 5(e)).

* Artikel 1 van die Eerste Protokol van die Europese Konvensie vir die Beskerming van Menseregte en Fundamentele Vryhede (1950) bepaal dat regsbeskerming van "besittings" insluit aandele, patente, lisensies, huurooreenkomste en welsynsvoordele.

* Artikel 22(1) van die Afrika Handves oor Mense- en Volksregte (1981) maak in artikel 22(1) voorsiening vir die reg op ekonomiese, sosiale en kulturele ontwikkeling synde ŉ reg waaroor alle volkere beskik met betrekking tot hul ekonomiese, sosiale en kulturele ontwikkeling, met inagneming van hul vryheid en identiteit en die gelyke genot van die gemeenskaplike erfenis van die mensheid.

Negering van privaatinisiatief en vryemarkbeginsels deur sosialistiese staatsbeheer van die ekonomie, nasionalisering van vrye ekonomiese terreine en oormatige beperking van burgervryhede, lei tot ekonomiese stagnasie, verslawing, armoede en ŉ onvolhoubare ekonomie.

**Artikel 9** [Gedwonge ontneming van privaat eiendom en ondermyning van ekonomiese volhoubaarheid].

Ideologie-gedrewe herverdeling van eiendom, negering van vrye mark-ekonomiese beginsels en ondermyning van ekonomiese volhoubaarheid is

TLU SA Kopiereg voorbehou EV202402

destruktief vir die ekonomie in die algemeen en die landbousektor spesifiek:

Artikel 10 [Ekonomiese selfstandigheid en bemagtiging].

Ekonomiese selfstandigheid is die vermoë van individue en groepe om hulself finansieel te onderhou onafhanklik van eksterne hulp of beheer; dit bevorder groter bemagtiging, verhoogde vermoë tot besluitneming en verhoogde sosiale betrokkenheid in die samelewing.

Artikel 11 [Sentralisering van politieke mag en die vrye mark].

Sentralisering van politieke mag, staatsbeheer van die ekonomie en versaking van vrye markbeginsels maak inbreuk op vrye beheersing, ontmoedig privaat inisiatief, lei tot gebrek aan kreatiwiteit en onderdruk menslike skeppingsvermoë en entrepreneurskap.

Artikel 12 [Staatlike burokratisering en dinamiek van die vrye mark].

Staatlike burokratisering van die ekonomiese lewe ontneem die vrye mark sy spontane en logiese dinamiek, bevorder disintegrasie van individuele en kollektiewe ekonomiese entrepreneurskap, lei tot afname van normale produksieprosesse wat op vrye besluitneming gebaseer is en veroorsaak gebrek aan produktiewe ontginning van  hulpbronne.

Artikel 13 [Aantasting van vrye markinstellings en markdinamika].

Omskakeling van vrye markinstellings tot staatsondernemings het 'n negatiewe impak op vrye markdinamika en generering van welvaart tot voordeel van die hele bevolking.

TLU SA Kopiereg voorbehou EV202402

Artikel 14 [Vrye mark-ekonomie en mededinging].

Inkrimping van die vrye mark-ekonomie waarin die mededingende kompetisie van kopers en verkopers met betrekking tot ekonomiese hulpbronne die toedeling van skaars kommoditeite bepaal, ondergrawe regerings se vermoë om korrekte ekonomiese waardeskattings te maak en internasionaal mededingend te wees en die land as soewereine staat in die internasionale wêreld te handhaaf.

Artikel 15 [Sosialisme en ekonomiese waardebepaling].

Sosialistiese staatsbedelings verhoed korrekte ekonomiese waardebepalings; skakel mededingende vrye markte uit; verhoed rasionele beleidsbesluite by bevordering van ideologiese en emosionele politieke, ekonomiese oorwegings en waardepylers; dit ontken die dinamika van mededingende prysbepalers en die rol daarvan vir ekonomiese ontwikkeling en selfstandigheid.

Artikel 16 [Ideologies gemotiveerde beleid en rasionele markkragte].

Ideologies-gemotiveerde ekonomiese beleidsbepaling in plaas van rasionele markkragte; die beperking van privaat eienaarskap van kapitaalgoedere en beperking van ekonomiese besluitneming, verhoed dat verbruikers in vryheid hul voorkeure jeens magsbehepte burokrate kan laat geld.

Artikel 17 [Staatlike burokrasie en medeseggenskap].

Sosialistiese burokratisering van die ekonomie vervang verbruikers met staatlike burokrate, beskou laasgenoemde as surrogate van verbruikers

met gevolglike uitskakeling van die medeseggenskap en invloed van verbruikers se inspraak met betrekking tot die produksie van voldoende hoeveelhede goedere en versekering van die gehalte daarvan.

Artikel 18 [Sosialistiese burokratisering en rasionele besluitneming].

Sosialistiese burokratisering van die ekonomiese lewe, verlaag rasionele besluitneming en bevorder irrasionele magsideologiese beleidsrigtings tot nadeel van die hele ekonomie.

Artikel 19 [Sosialisme en markkragte].

Sosialistiese ekonomiese beheer verhoed akkurate markkragtebepalings en markvoordele by negering van die ekonomiese realiteite wat deur die mededingende vryemarkkragte dikteer word.

Artikel 20 [Sentralisering van ekonomiese prosesse en entrepreneurskap].

Sosialistiese sentralisering van ekonomies prosesse verhoed dat suksesvolle entrepreneurs toegang verkry tot kapitaal en kommoditeite ten einde produktiwiteit te verhoog en gevolglike verhoogde ondersteuning van verbruikers te werf.

Artikel 21 [Staatsbeheer en ekonomiese vooruitgang].

Staatsbeheerde programme van herverdeling van rykdom druis in teen ekonomiese vooruitgang van ŉ land en verhoed ekonomiese entrepreneurskap en ontwikkeling in die samelewing.

TLU SA Kopiereg voorbehou EV202402

Artikel 22 [Ekonomiese intervensie en nadeel vir die bevolking].

Sosialistiese ekonomiese intervensie lê handel en spesialisering aan bande en verhoog produksiekoste tot nadeel van die hele bevolking.

Artikel 23 [Sosialistiese burokratisering en stagnasie].

Sosialistiese burokratisering negeer die komplimentêre interaksie van produksiefaktore en versluier die onderskeid tussen produksiefaktore en produksiemiddele, met gevolglike ekonomiese wanbalanse en ekonomiese stagnasie.

Artikel 24 [Staatsbeheer in die ekonomie en effektiewe ekonomiese beplanning].

Staatsbeheerde ekonomiese aktiwiteite negeer die komplekse konfigurasie van produksiefaktore en produksiemiddele wat vir vooruitgang nodig is, verhoed ekonomiese selfdissipline, effektiewe ekonomiese beplanning en ontwikkeling van ekonomiese strategieë wat vir innovasie en vooruitgang noodsaaklik is.

Artikel 25 [Sosialistiese verstaatliking en privaat eienaarskap].

Sosialistiese verstaatliking ontken die sentrale rol wat privaat eienaarskap in die ekonomiese sfeer speel; maak dit onmoontlik vir entrepreneurs om ekonomiese vooruitskouings te maak, wins te genereer en stel ekonomiese toekomsbeplanning aan staatswillekeur onderhewig.

TLU SA

TLU SA Kopiereg voorbehou EV202402

Artikel 26 [Verstaatliking en vrye mark-ekonomie].

Burokratiese verstaatliking kweek ŉ passiewe bevolking wat nie in staat is om die inligting wat deur die vrye mark-ekonomie gegenereer word vir produsente beskikbaar te stel nie; die bronne vir voortdurende korrigering van inligting word deur burokratiese staatsagentskappe verskaf wat nie werknemersinsentiewe kan bied vergelykbaar met dié in ŉ vrye marksisteem nie en ontneem produsente, verbruikers en werknemers die geleentheid om akkurate markinligting in ŉ vrye markomgewing met die oog op ekonomiese winsgewendheid en volhoubaarheid te benut.

Artikel 27 [Kollektivisme en verpolitisering van die ekonomie].

Verstaatlikte kollektivisme bring mee ŉ verpolitiseerde ekonomie, toenemende regsingrepe in die daaglikse lewe van mense en uitoefening van hul burgervryhede; toenemende kriminalisering van ŉ wye verskeidenheid handelinge wat die magstrukture van die staat en die populistiese massas se belange ten koste van vrye ekonomiese aktiwiteite beskerm; dit lei tot ondermyning van die respek vir die reg en bevorder bedrog en oneerlikheid van nepotistiese burokrate wat te midde van ŉ falende regs- en ekonomiese sisteem hul eie belange ten koste van dié van die land bevorder en kweek ŉ kultuur van gunswerwing om wesenlike staatsfunksies in die openbare belang uit te voer.

Artikel 28 [Regeringsbetrokkenheid en juridifisering van die ekonomie].

Toenemende regeringsbetrokkenheid in die ekonomiese sfeer lei tot groter ingrepe in en juridifisering van die ekonomiese terrein, regulering van privaat aktiwiteite en stimuleer ŉ kultuur van regsontduiking en etiese

onverantwoordelikheid, ongehoorsaamheid en regsnalewing uit eie vrye wil soos wat van regstaatlike strukture, ekonomiese instellings en samelewingsentiteite verwag kan word.

Die regte op ekonomiese vryheid, selfstandigheid en volhoubaarheid word deur 'n wye verskeidenheid burgerregte en -vryhede ondersteun.

Artikel 29 [Privaat eiendomsreg en ekonomiese vryheid].

Elke mens beskik oor die reg om hetsy individueel en kollektief deur middel van privaat eiendomsreg beslag te gee aan hul unieke identiteit en afkoms en om deur middel van die internasionale reg sodanige regte te handhaaf, te beskerm, in vryheid daaroor te beskik, selfstandig daarmee te handel en met die oog op ekonomiese volhoubaarheid ekonomies te benut.

Artikel 30 [Reg op aktiewe en mededingende deelname aan die ekonomie].

Elke mens beskik oor die reg om met die oog op sy/haar ekonomiese voordeel, instandhouding van die huishouding en tot volhoubaarheid van die ekonomie aktief en mededingend in die landbou of andersins bedrywig te wees.

Artikel 31 [Die reg op privaat eiendom en welstand van die bevolking].

Elke persoon beskik oor die reg om as verskaffer van voedsel en vesel 'n bydrae tot die welstand van die totale bevolking van die land se ekonomie te lewer en om privaat eiendom vir dié doel te gebruik en dat sodanige reg effektief beskerm sal word.

TLU SA Kopiereg voorbehou EV202402

Artikel 32 [Reg op ontwikkeling van kommersiële landbou].

Elke persoon beskik oor die reg om hom/haar te beywer vir die ontwikkeling van kommersiële landbou en ŉ bydrae te lewer tot die erkenning van die landbousektor as ŉ selfstandige en unieke deel van die Suid-Afrikaanse ekonomie wat in vryheid, selfstandigheid en volhoubaarheid behoort te funksioneer.

Artikel 33 [Die reg op aktiewe deelname aan die ekonomie].

Elke persoon beskik oor die reg om hom/haar te beywer en aktief deel te neem aan ekonomiese aktiwiteite ter stabilisering van die landbou en ander ekonomiese sektore en dat sodanige reg om aktief aan die ekonomie deel te neem deur benutting van privaat eiendomsreg, die reg op ekonomiese vryheid, selfstandigheid en volhoubaarheid, deur effektiewe regs- en ander middele beskerm sal word.

Derhalwe verbind die ondergetekendes hul hiermee tot bevordering van die volgende beginsels, waardes en inisiatiewe:

Artikel 34 [Roepingsvervulling en ekonomiese rentmeesterskap].

Om in vrye roepingsvervulling van die mens as produsent teen statisme, burgervryheidaantasting, negering van die mens se roepingsopdrag as ekonomiese rentmeester, die mens se rol as selfstandige produsent in ŉ vrye markomgewing en as roepingsvervullende en volhoubare produsent te beskerm.

TLU SA Kopiereg voorbehou EV202402

Artikel 35 [Selfstandige en onafhanklike produksie].

Om selfstandige en onafhanklike produksie van landbouprodukte te bevorder.

Artikel 36 [Sosialisme en winsgewendheid].

Om sosialistiese politieke beleidsrigtings wat winsgewendheid en volhoubare landbouproduksie knel, met alle moontlike middele teen te staan.

Artikel 37 [Falende sosialistiese landboubeleid en winsgewendheid].

Om die mate waartoe falende sosialistiese landboubeleid die afgelope 40 jaar tot Suid-Afrika se benarde ekonomiese posisie bygedra het en landbouproduksie geknel het, aan die kaak te stel, om te keer en deur vrye markgerigte inisiatiewe winsgewendheid en volhoubaarheid in landbou te bevorder.

Artikel 38 [Buitensporige belastings en die vrye mark].

Om die knellende effek van belastings op produksiemiddele te verbreek en landbou tot voordeel van die hele land en sy inwoners te bevorder.

Artikel 39 [Onderwys, opvoeding, opleiding en die vrye mark].

Om onderwys, opvoeding en opleiding op 'n vrye mark ekonomiese basis te propageer en te ondersteun ten einde produsente toe te rus vir hul selfstandige, vrye en volhoubare bydrae tot die ekonomie van die land.

Artikel 40 [Beskikbare hulpbronne en regte van produsente].

Om alle beskikbare finansiële en ander hulpbronne beskikbaar te stel om die regte van produsente te beskerm en om hul in staat te stel om winsgewend en volhoubaar in veiligheid te produseer, hul ekonomiese roeping uit te leef en ŉ bydrae te lewer om van die uitsiglose, demotiverende en onderdrukkende sosialisme van falende regeringsinstellings en -eksperimente vry te kom.

Artikel 41 [Samewerking en die vrye mark].

Om formele en informele samewerkingsinisiatiewe met alle landbou- en ander ekonomiese entiteite te loods met die reg op vorming van ŉ vrye markfront om ekonomiese vryheid, selfstandigheid en volhoubaarheid van landbou in die algemeen en landbou-produsente spesifiek te bevorder.

Artikel 42 [Korporatiewe instellings en ekonomiese vryheid, selfstandigheid en volhoubaarheid].

Om oprigting van korporatiewe ekonomiese, finansiële en landbou-instellings ter ondersteuning van ekonomiese vryheid, selfstandigheid en volhoubaarheid in landbou te propageer en te ondersteun.

Artikel 43 [Verwesenliking van 'n hoër ekonomiese groeikoers deur winsgewendheid].

Markkragte spreek die laaste woord in die ekonomiese lewe en die toets is of wins behaal is al dan nie. Die vertrekpunt om ekonomiese groei te bewerkstellig, is winsgewendheid. Dié primêre doelwit van die die staat in ekonomiese aangeleenthede is om winsgewendheid van die privaatsektor

TLU SA Kopiereg voorbehou EV202402

te bevorder deur internasionaal bewese stelsels en benaderings wat welvaart skep deur die waarborg van privaat eiendomsreg en 'n vrye markekonomie. Die voorvereistes vir ekonomiese groei is winsgewendheid by vrye uitoefening van ekonomiese keuses, gerugsteun deur 'n winsgewende privaatsektor wat volhoubaar aan die ekonomiese lewe deelneem, en vertroue opwek; asook 'n opgeleide arbeidsektor; tegnologiese ontwikkeling; stimulering van goeie ekonomiese kompetisie; 'n suiwer fiskale en monetêre beleid; kultivering van 'n kultuur van besparing; 'n veilige en misdaadvrye ekonomiese beleidsomgewing; 'n gemotiveerde arbeidskorps; investering; internasionale kredietwaardigheid; ondersteunende infrastruktuur; lae rentekoerse en privaat eiendomsreg ten einde hoër ekonomiese groei te bewerkstellig, produktiwiteit te bevorder en 'n netto toevoeging en verbetering van produksiefaktore, naamlik arbeid, kapitaal en grondstowwe, te verwesenlik.

## Epiloog

Ekonomiese groei word deur entrepreneurs verwesenlik in 'n politieke beleidsomgewing wat deur wetgewing en verantwoordelike toepassing daarvan in 'n regstaatparadigma geskied, ingevolge waarvan die staatsowerheid openbare dienste, infrastruktuur en publieke instellings met befondsing van die fiskus, tot stand bring en bedryf om ekonomiese selfstandigheid, ekonomiese vryheid en ekonomiese volhoubaarheid in stand te hou, uit te brei en te ontwikkel. Regstaatlike erkenning van en respektering vir ekonomiese vryheid, selfstandigheid en volhoubaarheid veronderstel staatlike verantwoordelikheidsaanvaarding, die besef van

TLU SA

dringendheid om in die belang van alle Suid-Afrikaners te regeer, tot welwese van die bevolking 'n toekomsvisie te kultiveer wat die uitdagings van die tyd kan ontmoet en met toewyding burokratisering teen te werk deur die natuurlike en menslike hulpbronne tot ontwikkeling van die hele ekonomie en beskerming van die landbouhulpbronne spesifiek te bestuur. Die welsynstaat wat deur die Marxistiese sosialisme die afgelope dertig jaar op Suid-Afrika afgeforseer is, tesame met die gevolge van staatsknegskap, gebrek aan verantwoordelikheidsaanvaarding en onproduktiwiteit van die grootste komponent van die Suid-Afrikaanse bevolking, staan as magstaat teenoor die regstaatlike verantwoordelikheid wat van state en politieke stelsels in die internasionale gemeenskap as voorwaarde vir ekonomiese ontwikkeling, vryheid en vooruitgang aanvaar word. Bygevolg word ondertekenaars van hierdie Handves opgeroep om alle beskikbare middele aan te wend om die mislukte wensynstaatkultuur, ontneming van ekonomiese vryheid, ondermyning van ekonomiese selfstandigheid en teenwerking van ekonomiese volhoubaarheid teen te staan.

Geteken te Pretoria op hierdie ……. Dag van …… 2025 onder die besef van die verantwoordelikhede wat op die skouers van die ondertekenaars rus.